

BOEKBESPREKING

Dr. W. H. Velema, **Herleving van de Natuurlijke Ethiek teen die Achtergrond van die Secularisasie. Rede uitgesproken bij die Overdracht van het Rectoraat aan die teologiese Hogeschool van die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland te Apeldoorn op 17 September 1969**, J. H. Kok, Kampen, 32 pp.

Die tema van die rede word uitgedruk in die sinne: „Deze natuurlike etiek is er altyd geweest en zal er ook steeds blyven. Ons doel is na te gaan in hoeverre die christelike etiek inhoudelik bezig is natuurlike etiek te worden” (p. 7). Velema behandel dan baie korliks ’n aantal voorbeelde: W. van der Marck, Schillebeeckx, Rothuizen en andere om aan te toon hoe Christelike deugde op so ’n wyse geïnterpreteer word dat dit maar net natuurlike deugde is, hoe die Christelike etiek in situasie-etiek omgesit word, hoe Christus nog net as voorbeeld vir die etiese lewe oorbly, hoe die ware menslikheid soos in Christus uitgedruk dieselfde as die natuurlike menslikheid is en so meer. Hierin sien Velema ’n herleving van die *ethica naturalis* binne die Christelike etiek, wat in laaste instansie daarop neerkom dat die Bybel nie meer die grond en norm van die Christelike etiek is nie. Die oorsaak hiervoor vind die skrywer in die sekularisasie wat besig is om ook die Christelike denke te oorweldig. Enkele maar baie insiggewende bladsye word gewy aan die gronde van die sekularisasie en die kenmerke van die Christelike ethos. — Vir die student wat in die Christelike etiek belangstel, kan ek hierdie rede baie sterk aanbeveel.

— P. S. Dreyer.

Ethiek als Waagstuk. Opstellen aangeboden aan dr. E. L. Smelik, emeritus-Hoogleraar van die Universiteit van Amsterdam, Callenbach, Nijkerk, 1969, 142 pp.

Soos in die subtitel aangedui, bestaan die boek uit ’n aantal opstelle wat ter ere van dr. Smelik uitgegee is. Artikels van doktore F. O. van Gennep, F. van Raalten, M. A. Beek, H. J. Heering, J. W. Schulte Nordholt, Kr. Strijd, C. W. Mönnich en H. R. Wijngaarden is in die bundel opgeneem.

Dit is nie nodig om lank by hierdie boek stil te staan nie. Die interessante titel word in die stof nie bewaarheid nie. Daarby het dr. Smelik hier by ons slegs by weinige enigsins bekend geraak (dan ook veral deur sy boek **De Ethiek in die Verkondiging**) en op geeneen van wie ek weet juis ’n onuitwisbare indruk gemaak nie. Die artikels wat oor sy werk handel en die bibliografiese gegewens uit sy werk sal dus waarskynlik ook weinig belangstelling

van ons lesers geniet. Indien daar iemand is wat in dr. Smelik geïnteresseer is, is hierdie bundel 'n bron van allerlei nuttige inligting.

Die drie artikels wat na my insig die beste is, is dr. M. A. Beek se artikel oor „Het juridisch aspect van de rabbijnse etiek”, waar dit gaan oor die belangrikheid van die wettisme in die etiek; dr. H. J. Heering se enigszins loslittige artikel: „Is er een eigen christelijke etiek?” wat saam met Smelik 'n eie christelike etiek bevraagteken; en die beste van almal dr. F. O. van Gennep se „Het radicalisme in de etiek”, wat die interessante probleem van die radikale eise van Gods Woord teenoor die kompromisagtige etiek van die mens behandel.

— P. S. Dreyer.

Truth and Reality/Waarheid en Werklikheid. Wysgerige Perspektief op die Werklikheid. Opedra aan Professor dr. H. G. Stoker, De Jong, Braamfontein, 1971, 317 pp.

Die boek bestaan uit 'n volbladfoto van prof. Stoker, sy *curriculum vitae*, 'n opdrag aan hom, 22 artikels en 'n lys van sy publikasies. Die boek is uitgegee deur 'n uitgebreide komitee onder voorsitterskap van prof. H. J. J. Bingle, rektor van die P.U. vir C.H.O., as eerbetoon aan prof. Stoker vir 'n leeftyd van onbaatsugtige diens aan die filosofie, die Calvinisme en aan ons land.

In die ruimte tot ons beskikking is dit onmoontlik om elkeen van die artikels te bespreek. Ons volstaan dus met 'n poging om 'n karakterisering van die boek te gee eerder as om die artikels apart te bespreek.

Prof. Stoker is in Suid-Afrika alom bekend as Calvinistiese wysgeer wat sy eie rigting ingeslaan het, naamlik die wysbegeerte van die skeppingsidee, waarin hy baie groot ooreenstemming maar ook groot verskille toon met ander rigtings van die Calvinistiese wysbegeerte, waarvan die wysbegeerte van die wetsidee van Dooyeweerd die belangrikste is. As Calvinistiese wysgeer het prof. Stoker bekendheid verwerf ook ver buite ons grense. Omdat hierdie bundel artikels bedoel is as eerbewys aan prof. Stoker, is daar nie gepoog om die werk van enersdenkendes aan te bied nie. Enkele leerlinge van prof. Stoker, byvoorbeeld proff. P. G. W. du Plessis en B. Duvenhage het bydraes gelewer, maar daar is ook 'n aantal artikels van Calvinistiese wysgere wat van ander denkrigtings as prof. Stoker is. Die belangrikste hiervan is ongetwyfeld Dooyeweerd. Maar daarnaas is artikels van agt wysgere opgeneem wat hoegenaamd nie tot enige van die rigtings van die

Calvinistiese wysbegeerte gereken kan word nie. Die doel daarmee (en in hierdie doel is ook heeltemal geslaag) was om te toon in hoe 'n wye kring (binnelands en buitelands, Calvinistiese wysgere en andere) prof. Stoker gewaardeer en hoog geskat word.

'n Lys van die artikels sal 'n beeld gee van die uiteenlopendheid daarvan en ook 'n indruk van wat behandel word: V. Brümmer (Utrecht): „Is 'n transendentale kritiek religieus bepaald?\" A. L. Conradie (Pietermaritzburg): „Constitution and Creativity in the Philosophy of Edmund Husserl\". H. J. de Vleeschauwer (Pretoria): „Studium Generale\". H. Dooyeweerd (Amsterdam): „Sociology of law and its philosophical foundations\". P. G. W. du Plessis (Johannesburg): „Beginvrae en antwoorde in die Wysbegeerte\". S. I. M. du Plessis (Kaapstad): „Max Scheler's concern with the highest perfection\". B. Duvenhage (Potchefstroom): „Christelike Wetenskap\". H. Hart (Toronto): „Malan's critical study\". A. M. T. Meyer (Pretoria): „Raakpunte vir 'n dialoog met 'n Christelike Wysbegeerte\". A. H. Murray (Kaapstad): „Nuwe gedagtes oor die begrip Natuurwet\". C. K. Oberholzer (Pretoria): „Die voorwaardes vir die uitbou van 'n wysgerige antropologie\". K. J. Popma (Utrecht): „De structuur van feit-en-betekenis\". C. G. Seerveld (Worth): „The relation of the arts to the presentation of the truth\". J. Stellingwerf (Amsterdam): „Gezag en vrijheid in het licht van Gods Woord\". J. A. L. Taljaard (Potchefstroom): „Voorveronderstellings vir 'n filosofie van die opvoeding\". N. T. van der Merwe (Potchefstroom): „Objektiviteit, sekularisasie en geskiedenis\". S. P. van der Walt (Potchefstroom): „Etiëk — wetenskap van relasies\". C. A. Peursen (Leiden): „Weten en feiten\". H. van Riessen (Amsterdam): „Enige opmerkingen over entiteiten\". C. van Til (Philadelphia): „Richard Kroner on Herman Dooyeweerd\". P. A. Verburg (Gronigen): „De mens in de taalkunde\". S. U. Zuidema (Amsterdam): „Enkele motieven van het antimilitair pacifisme\".

Dit is 'n belangrike boek, nie alleen weens die kwaliteit van elke artikel afsonderlik nie, maar ook omdat dit 'n mens 'n indruk gee van die wysgerige gedagtestrominge in Suid-Afrika.

— P. S. Dreyer.

H. G. Stoker, Die aard en rol van die reg — 'n wysgerige besinning.

Hierdie werk is 'n publikasie van die rede van prof. H. G. Stoker by die aanvaarding van 'n ere-professoraat in Wysbegeerte aan die R.A.U. op 30 Julie 1970.

Stoker beoog hiermee 'n ondersoek na die wese van die reg. Dit doen hy onder meer deur te onderskei tussen mense-regte, juridiese norme en juridiese orde. Hy gaan primêr van die stand-

punt uit dat die mens 'n juridiese wese is: Die reg behoort fundamenteel en wesenlik tot sy aard. Daarom beklemtoon hy deurgaans die ontiese gefundeerdheid van die reg. Hy toon dan ook op 'n geslaagde wyse aan dat die reg eenvoudig nie naturalisties, sosiologies of as blote positiewe reg begryp kan word nie. Dit is tewens juis sy duidelike onderskeid tussen positiewe reg en ontiese reg wat die aard van die reg treffend blootlê.

Sy fenomenologiese benadering van die reg vergelyk gunstig met die oopdek van eg-menslike oerstrukture. So kom hy tot insiggewende uitsprake met betrekking tot universaliteit, uniekheid, ordebepaling, aard en gelding van die reg. Sy behandeling van die verhouding tussen die sedelike en die reg kon miskien beter gehanteer word.

Wat vir die leser van die huidige tydsgewrig ook betekenisvol is, is die verskil wat hy trek tussen werklik synde mense-regte enersyds en die „human rights” andersyds. Die wanklank van die „human rights” hef nie die regsgeldigheid op van egte mense-regte nie.

Hoewel Stoker in hierdie werk tereg onderskei tussen voorwetenskap en wetenskap as sodanig, erken hy nie in sy teoretiese arbeid hierdie grense nie. Net so verbind hy sy na-wetenskaplike betragting met die status van die mens in die reg. Hoewel hy aan die een kant die ontiese sien as die grond van die ontologiese wetenskappe en die Skrif as dié van die teologie, is daar aan die ander kant 'n kontinue lyn tussen genoemde twee gronde. Dit is opsigself 'n illegitieme benadering aangesien die twee gronde wesensverskillend van mekaar is. Hierdie benadering het ten gevolge dat Stoker aan die begrip „onwetenskaplik” 'n ander inhoud gee, en wel dié van die nie-erkenning van „relevante Skriftuurlike gegewens” vir die wetenskap überhaupt. Dit is 'n Biblisisme wat uitloop op sy filosofie van die Skeppingsidee.

Ten spyte van hierdie grensoorskryding het Stoker 'n oorspronklike en waardevolle bydrae gelewer tot die filosofie van die reg. Ek sou die werk graag aanbeveel.

— P. S. Dreyer.

H. M. Rex, Die Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), uitgegee deur die Kerkraad, Ned. Hervormde Gemeente Zeerust, Pretoria 1971. 449 bls. Prys R6.00.

Dit was vanjaar die beurt van die gemeente Zeerust om sy honderjarige bestaansjaar te vier. Soos dit nou al die gebruik in ons kerks is, het die kerkraad die geleentheid ook gebruik om 'n oorsigtelike geskiedenis van die gemeente te laat opteken. Die

geskiedskrywing is behartig deur mnr. H. M. Rex, die argivaris van die Kerkargief wat kragtens die produk wat hy gelewer het, goed daartoe bevoeg is.

Die lywige boekwerk, netjies versorg deur die N.H.W.-Pers en pragtig versier met talle historiese fotos van groot belang, beslaan 'n dertigtal hoofstukke. Dit is jammer dat die **Inhoudsopgawe** nie vermeld op watter bladsye die verskillende hoofstukke gevind kan word nie. Daarby word die verskillende onderopskrifte van elke hoofstuk ook nie in die **Inhoudsopgawe** met vermelding van die betrokke bladsy, opgeneem nie. Dit beteken dat die leser byna sonder 'n kompas gelaat word as daar by 'n tweede of latere geleentheid weer na die werk teruggekeer moet word. Daarom is dit ook besonder jammer dat 'n Persoons- en Saakregister nie ook aan die boek toegevoeg is nie. Waarskynlik vanweë die feit dat die boek op 'n bepaalde stadium gereed moes wees, is dit weggelaat. So stadigaan moet dit miskien in ons kerklike wêreld as sensurabel beskou word as 'n belangrike geskrif sonder die noodsaaklike registers verskyn. Die boekesensuur van die vroeë reformatoriese kerk kan miskien op die manier, al is dit dan ook maar baie gedeeltelik, weer in ere herstel word!

As op die materiële van hierdie belangrike boek ingegaan word, dan kan allereers gestel word dat daar wel 'n verskil in kwaliteit is tussen die gedeelte wat die vroeë geskiedenis van die gemeente behandel en die gedeelte wat die nuwere tyd beskrywe. Die „tweede gedeelte”, as dit so genoem mag word, bevat 'n geweldige hoeveelheid besonderhede, soms te veel en soms volkome onnodige besonderhede. Dit beteken dat die aandag afgelei word en soms ook verstrik raak in al die besonderhede wat dikwels sonder duideliker voorkeur, aangebied word. Dit geld dan veral die gedeelte vanaf hoofstuk 29, hoewel dit ook reeds vroeër voorkom.

Baie van die gebeure wat in hoofstuk 29 en sommige van die vroeëre hoofstukke verskyn hoort eerder tuis in 'n **Kroniek van die gemeente** as in 'n **geskiedenis**. Dit bring natuurlik die vraag na vore wat **geskiedenis** is en wanneer die geskiedenis van 'n gemeente min of meer in so 'n werk soos hierdie afgesluit moet word. Dit is tog 'n oop vraag of die eietydse geskiedenis werklik **geskiedenis** is. Omdat die geskiedskrywer self so naby aan die gebeure staan en die perspektief dikwels ontbreek, is en bly dit 'n moeilike onderneming om as **geskiedskrywing**, die gebeure in 'n gemeente wat nog skaars agter die rug lê, op te teken. Tog is dit nie so maklik om te besluit waar om in so 'n gemeentelike geskiedenis die geskiedskrywing assodanig af te sluit nie. Want dit is natuurlik so dat vir baie lidmate die „geskiedenis” van die onmiddellike verlede die aantreklikste is omdat dit die naaste aan hulle lê. Terwyl in die meeste gevalle

die plaaslike kerkraad die opdraggewer is, word die geskiedskrywer in 'n onbenydenswaardige dilemma vasgevang. Dit bly in ieder geval noodsaaklik om hieroor te besin en om die hele aangeleentheid van „eietydse geskiedenis”, soos dit in sulke gemeentelike geskiedenis na vore kom, duideliker te omraam. Dit wil my tog voorkom dat die oplossing, as daar van soiets gepraat kan word, wat hier gegee word nog nie die mees bevredigende is nie.

Word daar teruggekeer na die „eerste deel” van die werk waar gehandel word oor die voorgeskiedenis en die vroeë geskiedenis van die gemeente dan is dit suiwer geskiedskrywnig en word deurgaans 'n hoë kwaliteit gehandhaaf. Met vakkundigheid en vaardigheid wat berus op sorgvuldige en nougesette navorsing word die vroeë geskiedenis van Mariko-Zeerust geskets vandat daar gegewens in hierdie verband bestaan. Die waarde van hierdie uiteensetting, sorgvuldig saamgevat, kan nie maklik oorskat word nie. Op hierdie wyse word 'n stuk vroeë Transvaalse geskiedenis, voorafgaande aan die gebeure van die Groot Trek, vir die gewone lidmaat beskikbaar gestel wat andersins glad nie so maklik toeganklik sou gewees het nie.

Dieselfde kan gesê word oor die persoon en dienswerk van ds. Daniel Lindley wat uitvoerig behandel word (bls. 101-142). Dit word ook duidelik aangetoon dat Lindley gereken moet word as die tweede predikant van die onafhanklike Voortrekkerkerk noord van die Oranjerivier. Dit bly 'n interessante situasie dat hierdie eerste aanraking van die Voortrekkers met die Amerikaanse vasteland, in die persoon van Lindley, so 'n suiwer en goeie gebeure was. In ons dae is die aanraking met die Amerikaanse geestelik-kulturele en politieke wêreld juis 'n aanraking wat daarop gemik is om die Afrikaner in 'n teenoorgestelde rigting te laat beweeg as wat sy geskiedenis hom tot op hierdie stadium gevoer het.

Die voorgeskiedenis van die gemeente Zeerust word op die manier omstandig en sorgvuldig uiteengesit. Verskillende fasette van die geskiedenis word telkens met sorg uiteengesit. So byvoorbeeld die pogings om 'n dorp in die Mariko-Zeerust wêreld aan te lê. Elkeen wat op hierdie terrein in die argiewe werkzaam was, weet hoeveel tyd en naspeurwerk bestee moet word om al hierdie verspreide gegewens na te gaan en te versamel. Juis hierin word die aandag wat die skrywer aan besonderhede gee weer duidelik.

In hierdie verband is dit tog jammer dat daar nie van voetnote gebruik gemaak is om die bronne-materiaal, waar dit gebruik is, nader aan te dui nie. Dit beteken dat die kontroleerbaarheid van sommige van hierdie gegewens moeilik word en dat opvolgende

navorsers, omdat die bronne nie aangedui word nie, weer die hele pad van navorsing self moet gaan loop. Normaalweg kan 'n uitvoerige uiteensetting van alle geraadpleegde bronne en werke in 'n werkstuk van hierdie aard weggelaat word, maar dan is voetnote met verwysings tog 'n noodsaaklike aanvulling.

Nadat die selfstandigwording van die gemeente behandel is (vanaf bls. 190) word die geskiedenis van die gemeente hoofsaaklik beskrywe aan die hand van die dienstermyne van die verskillende predikante wat daar werksaam was. Selfs hier word telkemale gebruik gemaak van kleiner gebeure om op die manier 'n duidelike beeld van elke tydperk te gee. Tog wil dit soms voorkom dat sommige van die gebeure wat geskets word, weggelaat kon gewees het omdat dit geen werklike invloed op die verdere verloop van die gemeente se geskiedenis gehad het nie. Is geskiedenis self nie die beskrywing van daardie gebeure in die verlede wat bepalend, op een of ander manier, inwerk op die hede nie. As daar geen band of verband bestaan met 'n gebeure uit die verlede en die hede nie, is dit dan nog werklik geskiedenis?

'n Besonder interessante invoeging in die gemeentelike geskiedenis (bls. 222 tot 230) is die beskrywing van ds. F. L. Cachet se eerste besoek aan Mariko en sy botsings aldaar met komdt. Jan Viljoen. Dit is, so ver ek kon vasstel, die eerste keer dat die insident toe komdt. Viljoen ds. Cachet met die sambok bygekom het, so uitvoerig in 'n geskiedeniswerk uiteengesit word.

Die gebeure van die Kerkvereniging en watter gevolge dit vir die gemeente gehad het, word ook uiteengesit. Ongelukkig word daar nie ingegaan op die kerklik-teologiese aspekte van die Kerkvereniging en soos hierdie aangeleenthede in Mariko se wêreld geleef het nie. Dit is natuurlik ook 'n vraag of daar iets daarvan skriftelik vasgelê is. Aangesien die agtergronde van die Kerkvereniging en die motiewe wat daartoe aanleiding gegee het nog nie finaal uitgemaak is nie, is dit jammer dat daar skynbaar niks daarvoor in hierdie gemeente te vinde was nie. Die feit dat ds. De Vries, wat sterk ten gunste van die Kerkvereniging was, predikant te Zeerust was, het seker ook 'n rol gespeel in die hele aangeleentheid. Dit kom egter in hierdie werk nie na vore nie.

Daarna, met die beskrywing van die koms van ds. J. Beyer na die gemeente (vanaf bls. 248) verloop die geskiedskrywing weer volgens die dienstermyne van die verskillende predikante. Telkens word egter ook stilgestaan by die familiegeskiedenis van verskillende van die vooraanstaande figure uit die gemeente. Op die manier word 'n skat van gegewens op skrif gestel. Hierdie gegewens is nie alleen kerkhistories nie maar ook genealogies van besondere waarde.

Samevattend kan gestel word dat hierdie besonder uitvoerige gemeentelike geskiedenis, seker wat omvang betref die uitgebreidste wat nog oor 'n gemeente van die Ned. Hervormde Kerk gepubliseer is, 'n besondere toevoeging tot ons kerklike geskiedskrywing genoem kan word. Almal wat belangstel in die kerklike verlede van die Afrikaner sal hiervan kennis moet neem want hoewel dit in die eerste plek oor die verlede van die gemeente Zeerust gaan, is die draagwydte daarvan so dat dit ook lig werp op die meer algemene Kerkgeskiedenis en die vroeë geskiedenis van Transvaal. Daarom sal dit goed wees as hierdie werk nie net in die gemeente Zeerust gelees sal word nie.

— A. D. Pont.

Prof. dr. Wilhelm Neuser, **Calvin**, Walter de Gruyter & Co., Berlin 1971, S. 122. Prys DM 5.80 (= ongeveer R1.50). In die reeks: Sammlung Göschen Band 3005.

Daar verskyn voortdurend biografieë van die groot kerkvader Calvyn. Hoewel die belangrikste gegewens ten opsigte van Calvyn, sy lewe en werk wel vasstaan is daar tog altyd weer iets wat in hierdie verband gesê kan word. So groot is die omvang van Calvyn se werk, so groot sy invloed, so wyd die vernuwing wat hy in die teologie gebring het, dat dit 'n voortdurende inspirasie is om met die man en sy werk besig te bly.

Hierdie biografie wat op die populêr-wetenskaplike vlak lê, is 'n netjiese en sorgvuldige uiteensetting en beoordeling van Calvyn se lewe en werk. By die belangrike punte in Calvyn se lewe is Neuser se formulerings sorgvuldig en presies en daarom is dit 'n werk wat met plesier gelees word. 'n Interessante uiteensetting van Calvyn se „bekering” (S. 18-24) word gegee en dit is duidelik dat die skrywer baie volstandig op die beskikbare materiaal ingegaan het. Sonder om tot allerlei vreemde konklusies te kom, 'n nuk wat so baie oorsese teoloë deesdae het, word die aangeleentheid behandel. Interessant is dat Neuser nadruk lê op die waarskynlike outeurskap van Calvyn ten opsigte van Nikolaas Cop se rektorale rede op 1 November 1533 te Parys. Die afhanklikheid van Luther se preek oor die Saligsprekings laat Neuser konkludeer dat Calvyn dan reeds vir die reformatoriese denke gewen is.

'n Besondere hoofstuk is die beskrywing van Calvyn se verblyf in Straatsburg. Nie alleen word Calvyn as mens met opmerkings en aanhalings uit sy geskifte geteken nie, maar ook die verhouding met Bucer en Capito word belig asook Calvyn se belangrike arbeid ten opsigte van die vlugtelinggemeente wat hy in Straatsburg versorg.

Interessant is dat Neuser, wanneer hy die proses teen Servet behandel, daarop wys dat die Triniteitsleer en die Doopleer, wat beide deur Servet geloën is, deur die **Corpus Iuris Civilis** beskerm word en dat daarin bepaal word dat so 'n Godslastering gestraf moet word. Daarom is Calvyn se rol in hierdie proses nie in hoofsaak die van aanklaer nie en word Servet ook nie ter dood veroordeel omdat hy reformatoriese leerstukke aangeval het nie. Dit is van hierdie soort feite, wat mens nie in elke biografie oor Calvyn aantref nie, wat die werk van Neuser so interessant maak. Tereg wys Neuser dan ook daarop dat Calvyn se naam ten onregte verbonde is aan die begrip onverdraagsaamheid. Juis sy verhouding met die Lutherane loënstraf die gedagte dat Calvyn 'n onverdraagsame gees was.

So het Neuser op die belangrike punte in hierdie kort biografie tog elke situasie raak en suiwer beoordeel. Op verskillende punte is hierdie werk dan ook 'n aanmerklike beter werk as die, in Suid-Afrika meer bekende Calvyn-biografie van die Nederlander Dankbaar. Daarom is dit jammer dat in Suid-Afrika die algemene verspreiding van hierdie netjiese biografie deur die taalstruikelblok verhinder sal word. Dit sal egter tog goed wees as die predikante, en dan nie net diegene met 'n belangstelling vir die Kerkgeskiedenis nie, hiervan kennis sal neem. Die boek is dit beslis werd.

— A. D. Pont.

M. J. van Straaten, **As die Jare klim. Boodskappies vir Bejaardes**, N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria 1971, 50 bls. Prys: 50c.

Hierdie boekie is 'n verbeterde, uitgebreide uitgawe van die vorige en aangesien die boekie tans sy sewende druk beleef, is dit duidelik dat hierdie boekie in 'n behoefte voorsien en baie gekoop en gelees word.

Hier word 'n 19-tal „boodskappies”, meestal met 'n opbeurende toon, aangetref. Meeste van hierdie „boodskappies”, om nou maar hierdie aanduiding te handhaaf, verwys wel na bepaalde Skriftuurplekke of is selfs na aanleiding van bepaalde Skriftuurplekke opgestel. Maar dit kan nie as Skrifuitleg gekwalifiseer word nie. Dit is meer stigtelike stukkies wat die bedoeling het om die vroomheid te stimuleer. Daarom is die stukkies prakties van aard en trag dit om die oudag ook as 'n sinvolle belewenis aan te dui.

Indien daar 'n kritiese opmerking gemaak moet word, dan is dit dat die hele werk die metodistiese vroomheidsideaal, met al sy gebreke, na vore bring. Hoewel daar ook momente is wat waardeer kan word, maak die geheel tog 'n taamlieke sentimentele indruk.

— A. D. Pont.

Dr. R. M. K. van der Grijp, **Geschiede des Spanischen Protestantismus im 19. Jahrhundert**, H. Veenman en Zonen N.V., Wageningen 1971. 593 blz. Prys: Ndl. F. 45 (= ongeveer R9.00.)

Hierdie uitvoerige studie word voorafgegaan deur 'n omvattende **Quellennachweis** en afgesluit deur 'n **Bibliographie**, 'n volledige register en 'n kaart van Spanje sodat die historiese gebeure ook aardrykskundig gevolg kan word. Die netjiese versorging van hierdie studie dui ook op die kwaliteit van die navorsing wat hier gedoen is.

Omdat die geskiedenis van die Spaanse protestantisme, volgens my kennis, hoofsaaklik buite die gesigskring van die meeste aktiewe kerkhistorici in Suid-Afrika val, sal dit wel noodsaaklik wees om eers die inhoud van die geskrif sorgvuldig aan te dui.

Van der Grijp wys daarop dat die protestantisme sy oorsprong in Spanje dank aan die werk wat vanuit Gibraltar gedoen is deur die **Wesleyan Methodist Missionary Society** en die **British and Foreign Bible Society** in die dertiger- en veertigerjare van die vorige eeu. Uit daardie arbeid het die **Spanish Evangelization Society** in 1854 na vore gekom wat op 'n deurlopende basis die werk in Spanje gestimuleer en geaktiveer het.

In 1860 het 'n reeks vervolgings die Spaanse protestantisme uit Spanje self verdryf en word die evangelisasiewerk gekonsentreer op die Spanjaarde in Gibraltar, Noord-Afrika, Frankryk en Engeland. In 1864 is selfs in Franssprekende Switserland 'n begin gemaak met die opleiding van protestantse predikante vir die kerk in Spanje.

Nadat godsdiensvryheid in die sestigerjare in Spanje geproklameer word, het die protestantisme, hoofsaaklik vanuit die Presbiteriaanse Kerk in Engeland bestimuleer, in Spanje wortel geskiet. So kom in 1871 die **Iglesia Christiana Espanola** tot stand, 'n samevoeging uit twee voorafgaande kerklike organisasies.

As gevolg van die werk van ander protestantse sendinggenootskappe kom daar egter nog meer protestantse kerke op Spaanse bodem na vore. Die Anglikaans-georiënteerde kerk kom na vore in 1880, die Spaanse Metodistekerk in 1880-1881 en die Kongregasionaliste in 1885. Ook die Baptiste en andere het met 'n mate van sukses in Spanje gewerk. Hoewel daar in 1899 nog 'n kerklike vereniging was, het dit ongeveer die hoogtepunt van die uitbreiding in die 19e eeu beteken.

Geleidelik het die politieke ontwikkeling en die herontwaking van die roomse kerk die protestantisme in 'n hoek gedruk en die moontlikhede van uitbreiding verminder. Veral na die burgeroorlog van 1873 en as gevolg van die Grondwet wat in 1876

aanvaar is, is aan die protestantisme al meer en meer bestaansreg ontsê. Dit het beteken dat die 19e eeu vir die Spaanse protestantisme op 'n donker noot eindig.

Die sorgvuldige studie van Van der Grijp is, afgesien van die **Einleitung**, in vier groot onderafdelings saamgevat. Dit is dan: 1. Van den Anfänge bis 1868; 2. Die Zeit der Religionsfreiheit: 1868-1873; 3. Presbyterianer, Kongregationalisten und Episkopalkirche: 1873-1900; 4. Andere Evangelische Bewegungen: 1873-1900. 'n Bondige **Zusammenfassung** besluit die werk.

Dit is by die deurlees van hierdie werk duidelik dat 'n groot hoeveelheid noukeurige navorsing gedoen is wat met groot sorg in hierdie werk saamgevat is. Dit is dan ook waarskynlik dat hierdie werk, vir die onderhawige periode, as 'n onmisbare werk beskou sal moet word.

Hoewel die belangstelling vir die Spaanse protestantisme in ons land waarskynlik laag is, is hierdie werk tog vir ons ook van belang om kennis te neem van die gebeure in Spanje wat tot dusver totaal onbekend was.

— A. D. Pont.

Dr. W. Aalders, De Grote Ontsporing. Over de Verhouding van de Reformatie en de Moderne Theologie, J. N. Voorhoeve, Den Haag 1971. 119 blz. Prys nie vermeld nie.

Dr. Aalders het al verskillende boeke die lig laat sien waarin hy met netjiese argumente en behoorlik gefundeerde kennis die nuwere ontwikkelings in die teologie en kerklike lewe van Wes-Europa analiseer en beskryf. Vanuit 'n Bybels-reformatoriese standpunt, wat in die hedendaagse Europese teologiese wêreld glad nie meer so vanselfsprekend is nie, analiseer en beoordeel Aalders die grondprobleem van die teologie soos hy dit sien. Laat dit dan ook onmiddellik bygesê word: dit is nie afgetrokke, koel-afsydige analise en besprekings wat hier gevêr word nie. Met innerlike oortuiging en oorredingskrag stel Aalders standpunt teenoor standpunt en nêrens twyfel die leser daaraan dat hier 'n oortuigde, reformatoriese teoloog aan die woord is nie. Juis dit maak hierdie werk interessant, lewendig en goed bruikbaar.

Die boek wat netjies gedruk en versorg is, word in drie groot hoofstukke verdeel. Dit is: 1. Het thema van die moderne teologie; Christus en de wereld; 2. Het thema van die Reformatie: Christus en de Ziel; 3. De grote ontsporing.

In die eerste afdeling wat Aalders behandel, bespreek hy die moderne teologie vanuit die tema **Christus en die wêreld**. Tereg stel hy dat die moderne teologie (of ongeloof wat agter die masker van teologie voortwoeker) die kerk, die gemeente en die lidmaat voor groot uitdagings en ook voortdurende stryd stel.

Dit gaan hier om fundamentele beginsels van die Christelike geloof en daarvoor sal daar vroeër of later behoorlik uitsluitel gegee moet word.

Histories sien Aalders die eerste aanduiding van die teologie onder die tema: Christus en die wêreld, in die briefwisseling tussen I. da Costa en dr. H. F. Kohlbrügge. Soos Aalders dit uitdruk gaan dit vir Da Costa om: „ . . . de nieuwe mens, het nieuwe levens beginsel, de Christus in ons, die, hier aanvankelijk, hoe zwak, hoe klein, hoe naauwlijks merkbaar ook, toch de kiem zijn van een waarlijke wereld” (p. 9). Dit gaan vir Da Costa om die vernuwing van die mens en wêreld. Dit is hierdie heilshistoriese denke wat die beginpunt vorm van die moderne afwyking.

Aalders wys daarop dat hierdie selfde tema ook van toepassing is op die teologie van Abraham Kuyper wat die koningskap van Jesus Christus wou realiseer in die sosiale en politieke lewe. Soos hy dit stel: „De wedergeboorte is bij hem (Kuyper) het uitgangspunt voor een organisch groeiproces, waaruit de heiligmaking van het menselijk leven, en vandaaruit dan ook de heiligwording van de cultuur voortkomt (p. 11). Hierdie beklemtoning sien Aalders egter ook as ’n geestelike verarming omdat daarmee die sentrale momente van die reformatoriese teologie verlore gegaan het.

Hierdie aangeleenthede uit die negentiende eeu het egter eers in hierdie eeu skerp na vore gekom. Dit hang dan saam met die opkoms van die moderne gesekulariseerde wêreld en die moderne, profane lewensgevoel wat sy duidelikste uitdrukking in die Marxisme vind. Die teologie wat so sterk beïnvloed word deur die tema Christus en die wêreld het weerloos teenoor die sosialisme gestaan en as gevolg van die sosialistiese beïnvloeding word die sentrale nood van die wêreld, soos die moderne teologie dit sien, ’n sedelik-godsdienstige nood. Die resultate word reeds vroeg in hierdie eeu gesien as in bepaalde, vrysinnige kerklike kringe die Christen en die sosialisme as twee karperde gesien word.

Die sosialisme het in Duitsland veral die Blumhardts aangegryp en die denke is deur hulle oorgeplant na Karl Barth wie se hele teologie, volgens Aalders, rondom die tema: Christus en die wêreld draai. Die resultate van hierdie aksentverskuiwing word dan by Bonnhoeffer gekonstateer wat stel dat die Christendom moet leer dat die Bybel nie primêr praat oor die mens, die ewige saligheid en die hiernamaals nie maar oor die heerskappy van God op aarde. So trek Bonnhoeffer die Christendom verder na links totdat die sosialis Ernst Bloch kan sê dat die alliansie tussen rewolusie en Christendom vanselfsprekend is omdat hulle dieselfde saak dien (p. 26).

Hier val die **persoonlike geloof** weg en word 'n totaal ander verstaan van die evangelie gevind, 'n ander geloofservaring. Die mens word nou, in die aardse werklikheid 'n medewerker van God en streef na die oplossing van politieke, sosiale en kulturele vrae en vergeet feitlik waarom dit in die evangelie gaan (p. 29).

Juis daarom beklemtoon Aalders die tema van die Reformasie wat hy aandui as Christus en die siel van die mens. Deur middel van 'n uitstekende analise van die sentrale tema van Luther se teologie, toon Aalders aan dat „Voor Luther is elke teologie, die weer plaats wil inruimen voor mens en wereld, 'vyandschap tegen het kruis van Christus'.” (p. 31). Die grondmotief van Luther se teologie is die vraag: Hoe vind ek 'n genadige God? terwyl die moderne teologie eers die heil van die wêreld soek en dan van daaruit probeer om die evangelie te verstaan. Luther se teologie het as bron en inhoud die Skrif alleen, die moderne teologie daarenteen probeer om die evangelie en die moderne denke met mekaar te verbind (p. 40). Daarom beklemtoon Aalders ook die absoluut kwalitatiewe verskil wat Luther trek tussen die Koninkryk van Christus en hierdie wêreld. Die aardse, die stoflike en die vleeslike is die kragpunt van die sonde en die kwaad waarvandaan die weerstand teen die Gees gebied word. Die aardse stoflike wêreld word dan ook deur Luther sonder meer vereenselwig met die stoflike en die bese, dit is en bly vir hom **gevalle skepping**. Die verlossing van die sondaar-mens is dus ook verlossing uit hierdie stoflike wêreld wat nie vir verbetering vatbaar is nie. Die „wêreldverbeteraars” is die Christene wat nog steeds Joods-messiaans dink (p. 70-72).

Afgesien van hierdie goeie en skerp analise van die denke van Luther, is dit miskien tog gewaag om dit te stel as die denke van die Reformasie. Dit sou ook besonder goed gewees het as Aalders ook reformatore soos Calvyn, Zwingli, Bucer en Knox netso sorgvuldig van naderby besien het. Dan sou dit miskien geblyk het dat die moderne teologie nie sodanig modern is nie maar in wese nie veel meer is as opgewarmde, radikale Anabaptistiese teologie nie. Die denke van Thomas Münzer en Jan van Leiden word vandag in die moderne teologie eerder verdiskonteer as die Reformatoriese teologie.

Die slothoofstuk van hierdie interessante betoog dra dan die titel van die boek: De Grote Ontsporing. Hierdie ontsporing word deur Aalders teruggevoer na die onmiddellike na-Reformatoriese tyd. In hierdie hoofstuk word in 'n paar kort paragrawe Calvyn behandel om aan te toon dat hy ten minste nog suiwer reformatories, dit wil sê, Skriftuurlik dink.

Na 'n kort historiese oorsig en analise van die Nadere Reformasie en die Engelse metodisme word weer teruggekeer na Da Costa, Kohlbrügge en Kuyper met Kohlbrügge dan as die getuie van die reformatoriese denke. Die gedeelte word dan afgesluit met 'n analitiese oorsig van die teologie van Karl Barth. Die probleem van die slothoofstuk is eintlik dat reeds heelwat van die argumente wat hier ter sake moes gewees het, in die eerste hoofstuk behandel is. Dit is enigszins jammer dat op die manier twee analyses van die teologie van Barth gegee word. Dit sou uiteindelik interessanter en skerper gewees het as ons in die slothoofstuk **die resultate** van hierdie ontsporing kon te siene gekry het. Hier kan mens alleen maar dink aan die „teologie” van die Wêreldraad van Kerke soos dit in sy sogenaamde „teologie van die rewolusie” na vore kom en sy kruisvaart teen „rassisme”.

Dit is uiteraard nie nodig om op alle punte met Aalders saam te stem nie. Tog is dit 'n werk wat alleen met groot vrug bestuur kan word. Dit prikkel voortdurend tot besinning, dit vereis nadenke en oordenking en dit verplig die leser om telkens ook sy eie standpunt vir homself te omskrywe. Daarom is ek van mening dat hierdie boek dwarsdeur die kerk gelees behoort te word. Dit is 'n eerlike en gefundeerde poging om die moderne teologie te verstaan en aan te dui as 'n afwyking van die Skrifuurlike gegewene.

— A. D. Pont.

Heinrich Karpp, **Die Busse. Quellen zur Entstehung der altkirchlichen Busswesens**, EVZ-Verslag, Zürich 1969, S. 351. Prys nie aangedui nie. Die eerste deel in die reeks **Traditio Christiana**.

Soos die titel aandui is dit 'n bronnepublikasie. Dit vorm die eerste band in die reeks **Traditio Christiana** wat nader gepresieseer word as: *Texte und Kommentare zur patristischen Theologie*. Die bedoeling van hierdie reeks is om die belangrikste tekste uit die eerste eeue van die Christelike kerk se bestaan rondom bepaalde temata te versamel en om dit dan in oorspronklike en vertaalde vorm beskikbaar te stel. Hierdie boek wat voorberei is deur prof. dr. H. Karpp van Bonn Universiteit is 'n voortrefflike eerste uitgawe in hierdie reeks.

Die lywige corpus van die boek word voorafgegaan deur 'n uitvoerige **Einleitung** waar die ontstaan en die problematiek van die kerklike boetedoening sorgvuldig en netjies uiteengesit word. Daarby is dit ook 'n inleidende kommentaar op die tekste wat versamel is.

Die reeks tekste wat hier byeengebring is, begin by die Nuwe Testament en wel by Matt. 16:19 en vandaar word dan voortgegaan met materiaal wat gevind word by die Apostoliese

Vaders, lang uittreksels uit **Die Herder** van Hermas, dan die Apologete waar veral besondere aandag aan Clemens Alexandrinus gegee word. Dan volg materiaal van Tertullianus, Hippolytus van Rome, Origenes en dit word afgesluit met sitate van Cyprianus. 'n Aantal baie bruikbare registers, onder andere 'n uitvoerige saakregister, verhoog die algemene bruikbaarheid van hierdie werk.

Dit is vir my duidelik dat mens hier te make het met 'n uitmuntende serie teksversamelings. Juis vir ons in Suid-Afrika waar die bronnemateriaal ten opsigte van die leerstellige geskiedenis in die vroeë kerk glad nie so voor die hand liggend is nie, is hierdie soort publikasie 'n uitstekende hulpmiddel. Die verskillende tekste is met sorg en deskundigheid gekies sodat hier 'n baie goeie oorsig gebied word van hoe die vroeë kerk tot by Cyprianus oor die boetedoening gedink en geskryf het.

Op die oomblik is ek nie bewus van verdere uitgawes in hierdie reeks nie, maar die voorwoord het die belofte uitgespreek dat die opvolgende werke reëlmatig sal verskyn. Dit is te hope dat hierdie reeks ook by ons 'n deeglike verspreiding sal geniet want sonder die historiese basis is die teologiese studie maar 'n haglike onderneming. Daarvan is die „teologie” van die Wêreldraad van Kerke seker die duidelikste moontlike bewys. Daarom wil ek hierdie eerste werk in hierdie nuwe serie baie hartlik aanbeveel.

— A. D .Pont.